

11 September

2 Korintiërs 1:3-7; (Teks: 1:4)

Getroosdes wat moet troos

Paulus het in sy veelbewoë lewe die Here leer ken as die Vader van ontferminge. Ook vir die vervolgte gemeente van Korinte is daar hierdie heerlike voorreg dat hulle in hul swaarkry en ellende na Hóm toe mag gaan. Hy is die God van alle vertroosting. Hy vertroos hierdie gemeente van Hom op elke tree van die moeilike lewenspad.

So is God ook vir elkeen van sy gelowiges. Hoe erg die probleme ook mag wees, hoe diep die hartseer ook mag lê, Hy troos ons met 'n volkome vertroosting in al ons verdrukking.

By eensames is Hy 'n God van nabyheid. By swakkes is Hy die Bron van krag. Hulle wat verstoot is, word deur Hom geken en bemin. Hulle wat bedroef is se tranes word deur Hom Self afgevee. Hy gee aan ons geduld en genade vir 'n lang siekbed; Hy vat by die oop graf ons hand styf vas in sy Vaderhand.

God se troos bring egter ook 'n roeping mee. Paulus wys daarop as hy sê: "...sodat ons die wat in allerhande verdrukking is, kan vertroos." 'n Getroosde kind van God moet self ook 'n vertrooster wees. Die Here wil sy gelouterde kinders gebruik om daardie troos waarmee Hy hulle getroos het na ander uit te dra.

U wat al so baie probleme en hartseer ervaar het en tog so baie vertroosting ontvang het, kan ander bedroefdes heerlik tot diens wees. Voer as God se vertrooste kind u amp van vertroosting getrou uit!

Sing: Skrifberyming 22:1, 2

Dr. I.L. Bekker (Die Moot)